

MEDIAVERKLARING
PRESS RELEASE

VIR VRYSTELLING/ FOR RELEASE

2008-05-20

UITGEREIK DEUR/ ISSUED BY:

Moira Müller
Kommunikasiebeampte
Communications Officer

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls baat by CText-sagteware

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CText™) het sagteware ontwikkel waarmee die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) gekontroleer, gekorrigeer en uitgebrei kan word.

Die AWS word saamgestel deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en bevat onder andere die Afrikaanse spelreëls en 'n Afrikaanse woorde- en afkortingslys. Die eerste uitgawe van die AWS het reeds in 1917 verskyn. Dit is sedertdien gereeld bygewerk en die primêre doel van die publikasie is om leiding te gee ten opsigte van korrekte spelling in Afrikaans.

Met die sagteware wat deur CText ontwikkel is, word AWS-data, wat omgeskakel is na elektroniese formaat, op 'n eenvormige wyse visueel voorgestel om sodoende die kontrolering van die data wat in die AWS vervat is, te vergemaklik. Hierdie kontrolering behels onder andere hersiening van spelling en die nagaan van ander inligting wat in die AWS-woordelys vervat is, . Die sagteware help ook met die bestuur van die databeheerproses.

Die Taalkommissie het die sagteware, wat gebaseer is op soortgelyke programmatuur wat by CText ontwikkel is en wat al in verskeie ander projekte gebruik is, reeds teen einde April in gebruik geneem met die oog op die nuwe uitgawe van die AWS in 2009.

EINDE

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

Moira Müller
(018) 299 1541
Moira.Muller@nwu.ac.za

***Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* benefits from CText-software**

The Centre for Text Technology (CText™) has developed software with which the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) can be verified, corrected and expanded.

The AWS is compiled by the Language Commission of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* (South African Academy for Arts and Sciences) and contains, among others, Afrikaans spelling rules and an Afrikaans word- and abbreviation list. The first edition of the AWS was published in 1917 and since then it has been updated regularly. The primary purpose of the publication is to provide guidance with regard to correct spelling in Afrikaans.

With the software developed by CText, AWS-data, converted to electronic format, is visually displayed in a uniform way in order to simplify the process of verifying the data contained in the AWS. This verification entails, among others, the revision of spelling and the verification of other information contained in the AWS-wordlist.

The software also assists in managing the data management process.

The Language Commission started using the software, which is based on similar software developed at CText and has been used in several other projects, by the end of April, focusing on the new edition of the AWS to be released in 2009.

END

Contact details for more information:

Moir Müller
(018) 299 1541
Moir.Muller@nwu.ac.za